



# Katalisfonds vir Natuurwetenskappe

## BEURSONDERSTEUNING

vir nagraadse studente by die  
Universiteit Stellenbosch

### Konteks

Navorsing is 'n kragtige werktuig in die globale ekonomie. Ontwikkelings op die gebied van die wetenskap, tegnologie en innovasie, verander wêreldwyd die wyse waarop mense leef, kommunikeer en sake doen, en beïnvloed die ekonomiese groei en ontwikkeling. Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan (2012) het 'n teiken gestel vir die lewering van 5 000 doktorale graduandi teen 2020 (1 876 in 2012) ten einde die land se navorsing- en innovasiekapasiteit uit te brei en broodnodige werkgeleenthede te skep oor die volgende paar jaar. Die meeste van hierdie kennis word binne universiteite en navorsingsrade gegenereer.

### Unieke waarde-aanbod – Die Fakulteit Natuurwetenskappe

Die Fakulteit Natuurwetenskappe by die Universiteit Stellenbosch (US) bied 'n wêreldklas navorsingsomgewing, institusionele ondersteuning en die spesialiskennis om nagraadse studentesukses te verseker.

Die US is daartoe verbind om die volgende generasies Suid-Afrikaanse wetenskaplikes op te lei – 'n groep innoverende en kritiesdenkende mans en vroue wat 'n aktiewe rol kan speel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing en wat katalisators sal wees in die skeppingsproses van die kennissintensieve ekonomie wat so deurslaggewend is vir Suid-Afrika se groei en ontwikkeling. Teen hierdie agtergrond en in die lig van die ernstige besnoeiing van fondse aan Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings vir nagraadse studies, het die Fakulteit Natuurwetenskappe die Katalisfonds bekendgestel ter ondersteuning van verdienstelike nagraadse studente wat aan spesifieke kriteria voldoen.

### Versoek vir ondersteuning

Die Fakulteit benodig ongeveer R11 miljoen per jaar om beurse vir sy nagraadse studente te kan gee. Ondersteuning kan 'n volle beurs of 'n bydrae tot die beursfonds wees. Bydraes kan in die onderstaande bankrekening inbetaal word:

NAAM VAN INSTELLING	Universiteit Stellenbosch
BANK	Standard Bank
TAK	Stellenbosch
TAKKODE	05 06 10
REKENINGNAAM	Universiteit Stellenbosch (Algemeen)
REKENINGNOMMER	073006955
Verwysing	Catalyst Fund FoS

**KONTAK:** Anneke Müller

**Fondswerwer:** Fakulteit Natuurwetenskappe,

Universiteit Stellenbosch

**Tel:** +27 21 808 4904 • **E-pos:** [annekem@sun.ac.za](mailto:annekem@sun.ac.za)



UNIVERSITEIT  
iYUNIVESITHI  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

100  
1918 · 2018



**“Die grootste uitdagings van studentwees, veral in die eerste jare, was om aan te pas by die werkslading en fondse te kry om my studies te finansier.”**

**Brandon Reyneke**  
PhD-student, Universiteit Stellenbosch

Om medies te studeer was my droom, maar nadat ek nie vir die program gekeur is nie, is ek aangeraai om in te skryf vir ‘n baccalaureusgraad in die wetenskap (BSc-graad) en dan die daaropvolgende jaar vir medies heraansoek te doen. Gedurende my voorgraadse studies het ek egter in die Departement Mikrobiologie begin werk en besluit om ‘n loopbaan in die wetenskap te volg.

Nadat ek ‘n BSc-graad in Menslike Lewenswetenskappe verwerf het, het ek ‘n honneurs- en MSc-graad voltooi in die Laboratorium vir Waterbronnavoring in die Departement Mikrobiologie by die Universiteit Stellenbosch. Vir my MSc-navorsingsprojek, het ons pasgemaakte stelsels vir huishoudings in ‘n informele nedersetting geïnstalleer wat reënwater oes, en deur middel van sonkrag die water suiwer sodat dit veilig is vir menslike gebruik. Ek is tans in die finale jaar van my doktorale studie en fokus steeds op watersuiwingstelsels.

Die grootste uitdagings van studentwees, veral in die eerste jare, was om aan te pas by die werkslading en fondse te kry om my studies te finansier. My voorgraadse studies is gefinansier deur middel van ‘n studentelening, maar daar is egter ook perke aan studenteleningfinansiering. Die nagraadse beurse wat ek ontvang het, het my in staat gestel om my studies voort te sit.

‘n Baie beperkte aantal beurse is beskikbaar vir wetenskapstudente, aangesien min privaat maatskappye beurse gee vir wetenskapstudies. Die meerderheid beurse kom van regeringsinstellings (wie se begrotings gereeld besnoei word) of privaat beursskemas, waarvoor ‘n klomp studente van reg oor die land kompeteer. Dus sit baie studente nie hulle nagraadse studie voort nie omdat daar nie ondersteuningsfinansiering is nie. Dit is ‘n groterwordende probleem, aangesien die meeste werkgeleenthede in die wetenskapsveld, nagraadse kwalifikasies vereis.